# VAN STAMVERWANTE BODEM

Reeds geruime tyd verskyn daar in die sogenaamde Fibulareeks (Van Dishoeck, Bussum, Nederland) 'n groot verskeidenheid van lesenswaardige, kennisverrykende werkies oor 'n groot verskeidenheid van geskiedkundige onderwerpe wat deur vakkundige skrywers is en dikwels op 'n verrassende wyse die jongste resultate van die steeds voortskrydende geskiedkundige navorsing aan die lesers bekendstel. Wanneer ons dit skrywe, dink ons o.m. aan 'n werkie in die reeks (no. 36) wat ook vir ons van betekenis is, t.w. dr. C. M. Schulten se studie *Nederlandse expansie in Latijns Amerika* (Bussum 1968, pp. 104, met afb.) wat die leser se aandag veral op Brasilië tussen die jare 1624 en 1654 vestig. Waar ons, as 'n deel van die voorgeskiedenis tot ons vaderlandse geskiedenis, heelwat aandag skenk aan die gebeurtenisse oos van die Kaap, word daar betreklik weinig aandag aan gelyktydige gebeurtenisse en magsverskuiwings in Suid-Amerika gewy. En tog is en was die suidelike deel van die Atlantiese oseaan ook ons randsee. Waar die V.O.C. in die ooste in botsing gekom het met die Portugese, was daar wes van die Kaap die Goeie Hoop 'n soortgelyke worsteling tussen die Nederlandse W.I.C. en die Portugese aan die gang. Hierdie stryd om die mag was nie alleen tot noord-oos Brasilië beperk nie, ook in Wes-Afrika het dieselfde belangestryd gewoed. *Nieuw-Holland* met Recife en Olinda as vernaamste steunpunte, het 'n bloeitydperk onder graaf Johan Maurits van Nassau, 'n neef van stadhouers Maurits en Frederik Hendrik belewe. Daarna het die ineenstorting van dié gedeelte van die Nederlandse koloniale ryk in Suid-Amerika begin. In 1669 het die W.I.C., noodgedwonge, sy Brasiliaanse besittings aan Portugal verkoop.

Onder hulle wat omstreeks 1640 in die onmiddellike omgewing van Johan Maurits van Nassau vertoef en sy talente as tekenaar aan die dag gelê het, was Zacharias Wagener, die opvolger van kommandeur Jan van Riebeeck aan die Kaap die Goeie Hoop.

As no. 22 in dieselfde reeks het verskyn: Dr. D. P. Blok, *De Franken*, met as ondertitel *hun optreden in het licht der historie* (Bussum, 1968), 'n oorsigtelike studie oor 'n dikwels moeilike onderwerp. Die skrywer onderskei, t.o.v. die Frankiese verskyning in die teenswoordige Nederland, twee tydperke. Allereers is daar die suidwaartse trek (3e-5e eeu) waarvan weinig bekend is, daarna kom die noordwaartse beweging met die Franke as veroweraars van die mondingsgebied van die groot riviere. Die skrywer wys o.m. op die feit dat onder „Franke" gedurende die eerste tydperk heeltemal iets anders as onder dieselfde benaming gedurende laasgenoemde periode verstaan word. Hy lê veral nadruk op alles wat deur die Franke tydens die veroweringsveldtog en daarna na Nederland gebring is (godsdiens, bestuursorganisasie, reg, handel, kerklike argitektuur, kuns e.d.m.). Op naamkundige gebied wend die skrywer 'n poging aan om Karolingiese woongebiede in die hedendaagse Nederland vas te stel. Veral hierdie gedeelte is besonder interessant.

Die geskiedkundige en argitektoniese literatuur oor Amsterdam is onlangs verryk deur die bekende algemene sekretaris van die *Rijksmuseum*, Ton Koot, bekend vir sy werk met betrekking tot die bewaring van bouwerke uit vergange eeue. Hy het 'n paar jaar gelede hierdie belangrike aangeleentheid ook in ons land verduidelik en bepleit. Van sy hand het by die uitgewers Scheltema en Holkema N.V. Amsterdam, die werk *Amsterdamse Poortjes* 1480-1880 (80 bl.) verskyn. Verlug deur die kunssinnige tekenaar W. G. Hofker en van tekste voorsien deur die samesteller, is hierdie werk 'n lus vir die oog en die hart. Ruim 'n dertigtal poorte en poortjies is in hierdie werk beskrywe en afgebeeld, o.m. meesterstukke van Nicholas Stone, die skoonseun van Hendrick de Keyser; van die onbekende bouer van die huidige Waag (St. Antoniespoort), 'n bouwerk uit 1488; die VOC-poortjie wat vermoedelik uit die tweede helfte van die sewentiende eeu dateer; die „Lommerdpoortje" wat Joost van der Vondel

geken het (p. 32); die fraai bewerkte kerkhofpoort van die Amsterdamse Westerkerk (p. 38), die „Oudemanhuispoort" (1754) en die „Muiderpoort" van omstreeks 1770; die „Willemspoort" dateer van omstreeks 1840, en die poort van die Rijksmuseum wat 'n treffende voorbeeld van 'n laat-negentiende eeuse deurgang is.

Van die hand van dieselfde skrywer het onlangs, in die reeks *Das kleine Kunstbuch*, by die uitgewers Knorr & Hirth, München en Hannover (Duitsland), die publikasie *Amsterdam* verskyn. Dit is in die trant van 'n boeiende verhaal (met 48 gekleurde afbeeldings) opgestel. Die foto's is van die kunsfotograaf F. J. Rotgans. Sowel aan die outydse Amsterdam as aan die hedendaagse Nederlandse hoofstad is aandag bestee.

In die jongste uitgawe van die *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 16, afl. I, 1968) is o.m. deur J. Verbeek aandag gewy aan die houtsnywerk van die Zwolse meester Hermannus van Arnhem (oorl. 1708). Hierdie bydrae is van 'n aantal insiggewende afbeeldings voorsien. In dieselfde uitgawe is o.m. ook aangekondig dat by geleentheid van die 300ste sterfjaar van Rembrandt in 1969, 'n Rembrandt-tentoonstelling in die *Rijksmuseum* gehou sal word. Laasgenoemde museum is in 1967 deur ruim 775,000 persone besoek.

In die Vlaamse tydskrif *Ons Erfdeel* (jg. II, no. 3, Maart 1968), die algemeen Nederlandse driemaandelikse kulturele tydskrif onder redaksie van die vooruitstrewende Jozef Deleu, Rekkem, kom o.m. prof. dr. Rob. Antonissen se bydrae *De Zuidafrikaanse student-in-de-letteren tegenover de Nederlandse letterkunde* (pp. 71-75) en Josef Kempen se beskouing oor die Deense minderheid in Duitsland, t.w. Schleswig-Holstein, waarvan 'n deel van die inwoners tot die Deense en 'n ander deel tot die Friese groep behoort voor. Teenoor die Deensgesinde groep in die Duitse gebied staan 'n Duitsgesinde groep in Denemarke, aldus die skrywer wat aan die slot van sy bydrae verklaar dat die geskiedenis van die Sleeswykse grensland sedert meer as duisend jaar gekenmerk is deur harde stryd. Tans neem die goeie verstandhouding toe. O.m. is 'n aantal insiggewende kaarte aan die artikel toegevoeg soos een wat die historiese en staatkundige grense aandui, een wat die volkstemming van 1920 weergee en een waarop die Deense skole in Duitsland en die Duitse skole in Denemarke aangedui is.

In *De Toerist*, Antwerpen, 2.5.1968, kom 'n bydrae voor oor die kerkgebou van St. Anna-Pede wat vermoedelik as agtergrond op Pieter Bruegel „de Oude" se bekende skildery met die blindes voorkom. In 1969 sal die vierhonderdste sterfdag van hierdie skilder in België herdenk word.

Musiek en folklore van die Nederlandse Antillen vorm die onderwerp waaraan die inhoud van die stydskrif *Schakels* (1958, NA 52, NA 53) gewy is. Die musiek van die Antille is sowel vanuit Europa as Afrika beïnvloed, terwyl die inhoud van die tweede uitgawe in die teken van die volksgebruike staan.

In die reeks *Vlaamse Toeristische Biblioteek*, uitgegee deur die Vlaamse Toeristenbond (VTB), Antwerpen het die volgende uitgawes verskyn: *De Pinte*, *Wervik* 2000 *in* 1968, *Duizend jaar Evermaar in Rutten* en *De Sint-Hermeskerk van Ronse*. Ons wil veral laasgenoemde publikasie by ons lesers aanbeveel wat belangstel in kerklike argitektuur.

In die jongste jaarverslag van die *Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging* (Amsterdam) kom drs. A. B. du Toit se diepgaande beskouing oor die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika voor. Drs. Du Toit verklaar o.m.: *„Vanuit Suid-Afrikaanse gesigspunt gesien, bied hierdie literêre en kerklike kontakte met Nederland 'n goeie geleentheid om direkte toegang te kry tot die sentrale Europese en Christelike tradisies wat ons ook in Suid-Afrika moet sien om waar te maak . . . . . Vanuit Nederlandse gesigspunt gesien, bied die aanhaling van dié kerklike en literêre bande die moontlikheid om die Afrikaner in 'n algemene gesprek oor die menslike en etiese grondvrae daarvan te betrek, sonder dat daardeur ook feitlik in die politieke reëling self ingegryp behoef te word."*

Dr. J. Ploeger.